

Vrydag 30 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 3:13 – 4:3

Fokusgedeelte: Maleagi 3:14

Is dit tevergeefs om God te dien?

Die wêreld is soms 'n baie onregverdige plek. Slegte dinge gebeur met goeie mense, terwyl slegte mense voorspoed geniet. Ons sien dit raak, en kan nie anders as om te vra nie: “Hoekom is dit so?”

Die vraag word nog ernstiger as ons in die Ou Testament lees dat die Here gehoorsaamheid seën en ongehoorsaamheid straf (sien Deut. 28). Gevolglik word dit vir ons 'n teologiese probleem. “Hoekom tree die Here nie in nie? Help dit ooit om die Here te dien en aan Hom gehoorsaam te wees?”

Dit is wat die volk gevra het in Maleagi 3:13 – 4:3. Hulle het gereken dat dit nutteloos is om God te dien, want op die oog af lyk dit vir hulle of goddelose mense die gelukkiges is, en of dié wat verkeerd doen, voorspoedig is (Mal. 3:15; sien ook Mal. 2:17).

Die oomblik wat ons so begin redeneer, vergeet ons dat God se weë nie ons weë is nie. Dan besef ons nie dat God wat in beheer is van alle dinge, sekere dinge toelaat omdat Hy 'n doel daarmee het nie. Dan neig ons om Hom te wil voorsê oor wat Hy mag doen, en hoe Hy sake moet bestuur. Dan is ons, in die Here se woorde aan sy volk, “vermetel” (Mal. 3:13).

Geloof is om die Here met jou hele hart te dien, al verstaan jy nie altyd hoekom sekere dinge gebeur nie. Dit is om volkome eerbied vir die Here te hê, omdat jy weet dat Hy op een of ander manier hierdie dinge vir jou ten goede laat meewerk (Rom. 8:28).

Hierby het ons die perspektief: Wanneer Christus weer kom, sál Hy regverdig oordeel. Dán sal die onderskeid tussen die uiteinde van gelowiges en ongelowiges duidelik wees. Wat 'n troos om as gelowige daardie dag vreesloos af te wag!

Sing: Psalm 73-1:5, 6, 7

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)